# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (10/09)

*Justin Chadwick (13 Maart 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGDE VAN DIE DAG: "One drink is enough. Two drinks are never enough" Sam Knott (Thanks Johnny)***

**VIER DIE SUKSES: Gedurende hierdie week het ek die voorreg gehad om die 2010 sokker stadiums in beide Durban en PE te sien – watter fantastiese sport fasiliteite wat betyds vir die sokker wêreldbeker gereed sal wees.**

**Geluk aan almal wat 'n moeilike Argus voltooi het – ek is seker dat daar baie van die sitrusbedryf in die reis verteenwoordig was – die wat ek ken is Johnny, Louis, Malcolm, Vaughan en sy seun Dillon. Ek is seker dat jul ondervinding van om letterlik van jou fiets deur stormsterkte winde gewaai te word tot jul voordeel sal wees in die nuwe sitrusseisoen wat uitdagend kan wees.**

## LOGISTIEK

Ons is regtig bly om aan te kondig dat Mitchell Brooke by die CGA vanaf die begin van April gaan aansluit as ons Logistieke Koördineerder. Mitchell kom met 'n skat van logistieke ondervinding en het ook baie tyd in die hawens gespandeer. Gedurende 2008 het produsente besluit om ekstra hulpbronne te bekom om die logistieke veld se effektiwiteit, die infrastruktuur en die hawe se operasionele aksies te ondersoek. Ses aanvanklike projekte is geïdentifiseer **#1** Om die "Tonnage off Tar" projek, geïnisieer deur die Varsprodukte Uitvoerdersforum(FPEF), te ondersteun – om te verseker dat enige spoor geleenthede wat daar vir die sitrusbedryf mag bestaan, volledig nagevors en ontgin sal word. **#2** Monitering van die "dwell time - staantyd" van palette in die hawe in 2008 het onthul dat daar probleme is – buitengewone staantye "dwell times" is nie net alleen kostes nie maar het ook 'n impak op vrugkwaliteit. Produsente sal in kennis gestel word as hul palette nie binne 'n redelike tyd versend word nie. **#3** Werk saam met die owerhede in die hawens, houer maatskappye en ander om die infrastruktuur van die hawe te verbeter. Verseker dat sitrus se stem tydens gesprekke rondom infrastuktuur gehoor word. **#4** Doen 'n koste bepalings analise van "high cube" palette. **#5** Werk saam met diegene wat betrokke is in Maputu en Koega om te sien watter voordele die sitrusbedryf daaruit kan kry deur meer vrugte na die hawens te stuur. **#6** Voorsien relevante inligting aan die bedryf sodat effektiwiteit in hierdie veld verbeter kan word.

Die doel van CGA betrokkenheid is om te "identify and rectify" (dankie Malcolm) – ons sal nie betrokke raak in die kommersiële onderhandelinge met produsente nie en produsente moet nie hul huidige aktiwiteite in hierdie gebied laat vaar nie. Nogtans – as daar net baie "identifying" gaan gebeur en nie veel "rectifying" nie, sal ons die nodige stappe moet neem.

## BOOMSENSUS

Die boomsenus wat deur John Edmonds gedoen is, is 'n belangrike element van CGA se inligtingsdatabasis. Dit het verskeie doele, insluitende dat dit 'n belangrike bousteen in die langtermyn model is. Dankie aan al die produsente wat hul inligting tot op datum opgedateer het, en aan diegene wat nog nie het nie, ASSEBLIEF kry dit voor die einde van volgende week gedoen; daar moet 'n afsnypunt wees sodat die Statistieke Boekie opgedateer kan word. Die opdateringsprosedure is baie vereenvoudig met die gebruik van die Internet. Jy kan die skakel volg: http://iwebhost.ion.co.za/cga/treecensus/treecensus.php.

Jy sal gevra word om 'n PUC-nommer in te sleutel, kies 'n wagwoord en vul jou posadres in waar ons vir jou binne 'n minuut 'n digitale sleutel sal stuur. As jy die kodes insleutel sal jy inligting vind soos dit nou op ons databasis verskyn. Dateer dit asseblief op deur die aanwysigings op die skerm te volg. As jy enige probleme sou indervind epos asseblief vir (johne@cga.co.za) of kontak John by telefoon (031 7652514). Vir diegene wat nog die pen en papier verkies kontak asseblief vir John en hy sal jou huidige syfers vir opdatering aan jou faks of as jy dit beskikbaar het, faks dit na 031 765 8029 of epos dit na John Edmonds.

## PRODUSENTE ROADSHOWS

Hierdie week wat verby is was ek, John Edmonds, Hannes Bester in Setlaarsland om roadshows in Patensie, Sondagsrivier en O-Kaap Midlande aan te bied. Die vergaderings is goed bygewoon en daar is goeie inligting uitgeruil. Hierdie Oos-Kaapse streke sien uit na die beskikbaarheid van goeie volumes vir uitvoer – met vroeë indikasies van goeie groottes en gehalte. Hulle het alreeds begin om Satsumas te pluk, terwyl suurlemoene al vir 'n week of meer aan die gang is. Die plaaslike suurlemoenmark het sover goeie verdienstes getoon – dus is uitvoere nog minimaal.

Sondagsrivier het twee nominasies vir 'n verteenwoordiger op die Raad gehad, 'n verkiesing was dus nodig. Ek wil graag vir **Phillip du Plessis op** die CGA Raad verwelkom – ek is seker dat Phillip nuwe ondervinding na ons bestuursstruktuur gaan bring. Ek wil ook graag vir P**ieter Nortje** vir sy insiggewende leierskap oor die afgelope twee jaar bedank. Ook in daardie gebied, wil ek graag die nuwe hoof van Sondagsrivier Sitrusmaatskappy, Ken Nieuwenhuizen, in die sitrusbedryf verwelkom. Ek is seker hy sal die leemte wat deur Johan Stumpf gelaat is, kan vul en soos altyd is CGA gretig om nou met die SRCC saam te werk. Daar was een verandering aan die Variëteitsfokusgroep se lidmaatskap; Blikkies Blignaut vervang Ian Grieb as Valencia verteenwoordiger vir Patensie.

Volgende week gaan my span (Hennie le Roux en John Edmonds) noord. Maandagmiddag (16/3@14:00@Mvutshini) sal ons in Pongola wees, dan oor die grens na Swaziland (17/3@10:00@United Plantations), weer terug oor die grens na Nelspruit (18/3@10:00@CRI) en Onderberg (18/3@15:00@MSK). Ons sien uit na ons internasionale reise. Paul en sy span (Jacomien de Klerk en Vaughan Hattingh) gaan suid na die Boland (18/3@08:30@Ashton Buiteklub) en Wes-Kaap (18/3@14:00@Goedehoop) dan noord na die Vaalharts streek (19/3@14:00@Pokwane pakhuis). Alle besonderhede is by www.cga.co.za beskikbaar.

In nog 'n verandering het **Peter Nicholson** as CGA direkteur vir die Limpoporivier uitgetree, en is deur **J D Nel** vervang. Peter was 'n CGA staatmaker, hy was 'n stigterslid en voorsitter van die CGA in sy beginjare – dankie vir jou wyse raad oor die jare Peter.

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**